

## Sing vooraf: Psalm 66:2

2-

Die aardryk met sy verste lande  
moet biddend voor die HERE buig;  
die volke van die verste strande  
moet met hul lofstem voor Hom juig.  
Kom en aanskou Gods wonderdade,  
wat is sy wonderking hoog gedug.  
**Smeek** Hom, o volke, om genade,  
want niemand kan sy hand ontvlug.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige  
werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 116:1, 2.

-2-

Om my was bande en strikke van die dood;  
en angste van die hel het my laat bewe;  
ek was benoud, vol droefheid was my lewe;  
maar 'k het die HEER gesmeek in al my nood:

Gebed.

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

## Psalm 143:1

-1-

O HEER, ek roep, hoor my gebede.  
Daar is in my geen stilte of vrede!  
Ek smeek tot U, o hoor my nou!  
Ek pleit op u geregtighede,  
en ek verlaat my op u trou.

Skriflesing:

Teks: Matteus 4:10; Kategismus Sondag 45.

**Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien. (Matteus 4:10 AFR1953)**

In die vorige reeks preke, het ons die Tien Gebooue gebod vir gebod deurgewerk.

- Telkens het ons in onself te staan gekom voor die feit dat die duiwel ons luste ontgin om ons in allerhande soorte sondes en lelikhede te laat verval.
- Ons het in ons eerlikheid agtergekom dat mens letterlik die duiwel moet beveel om uit jou lewe pad te gee as jy met die Here in die reine wil bly.

Waarheen dan? Hoe hou ek my pad skoon? Waar kry ek insig en leiding? En waar kry ek vergifnis?  
Die antwoord op al die vrae is: By die Here!

Tree met Hom in gesprek - bid!

Daarom is dit baie logies dat ons in ons belydenis alles wat rondom die gebed belangrik is, sal neerskryf – en bely – nadat ons met die Tien Gebooie en ons natuurlike sondige aard gewerk het.

*Om te bid moet sekere baie, baie belangrike kenmerke nie dra nie:*

- 'n Gebed is nie 'n toespraak waarvan mense moet hou - of wat mense moet plesier nie.
- 'n Gebed is ook nie 'n plig wat jy maar moet doen om die ding agter die rug te kry nie.

Wat is 'n gebed?

- 'n Gebed is omgang met God.
- Dis 'n gesprek met God.
- Dis aanbidding van die Here.

*Kom ons sê dit effens anders:*

- 'n Gebed is 'n heilige handeling waarmee jy jou hoogste dank en eerbetoen vir God gee.
- Dis 'n handeling wat beteken dat jy direk voor die troon van God verskyn deur die verlossende genade van die Here Jesus Christus.
- Daarom moet jou dankbaarheid teenoor die Here in jou gebede hulle hoogste hoogtepunt bereik = 'n gebed is dus 'n heilige dankoffer aan die Here.

Vir 'n mens om te kan bid, is ten diepste God se werk.

- Hy laat ons glo.
- Hy leer en onderrig ons.
- Hy lei ons met sy Heilige Gees om Hom te aanbid en te verheerlik.
- Hy leer ons om by Hom te gaan vra wat ons in die lewe nodig het.

Hy laat ons dus lewe van Hom uit tot weer terug voor sy troon.

Wat doen ons alles as ons bid? Anders gesê: Waarvoor mag mens alles bid?

- Ons lees in Psalm 62 dat 'n gebed 'n daad is waar ons ons hart voor die Here uitstort.
  - Om jou hart uit te stort, beteken dat jy met jou diepste hartseer na die Here toe gaan -
  - maar dit beteken dat jy met jou grootste blydschap ook na Hom toe gaan.(62:9) **Vertrou op Hom altyd, o volk! Stort julle hart uit voor sy aangesig! God is 'n toevlug vir ons.** (Psalm 62:8 AFR1953)
- Enige mens wat in die nood is roep om hulp. Die gelowige se hulproep is na die Here toe! Dit gebeur ook in die gebed.  
**o God, verlos Israel uit al sy benoudhede!** (Psalms 25:22 AFR1953)

Toe die jong dominee van die gemeente te Efese, Timoteus, vasgebrand het in sy bediening, het Paulus vir hom baie raad gegee.

- Hy het hom onder andere geleer waarvoor hy alles moet bid.
- Ons lees dat hy die volgende geskryf het:  
**In die eerste plek vermaan ek dan dat smeking, gebede, voorbedes, danksegginge gedoen moet word vir alle mense;** (1 Timoteus 2:1 AFR1953)

Hierdie Bybelvers openbaar dat daar verskillende soorte gebede is:

- Daar is gebede waar die klem op smeking gaan val.
  - Ons sal die Here smEEK om ons ons sondes te vergewe.
  - Ons kan die Here smEEK vir reën wanneer dit droog is.
  - Ons kan die Here smEEK vir genade wanneer dit sleg gaan met die land, ens.

- Dan is daar gebede waar ons doodgewoon bid om die Here te verheerlik.
  - Dis gebede waar ons Hom bely as ons God en Verlosser
  - Dis ook gebede waarin ons Hom dank vir sy groot genade.
- Verder is daar nog gebede waar mens voorbidding doen vir ander mense:
  - Ons bid byvoorbeeld vir ons kinders. Vir ons ouers. Ons bid vir mekaar in die gemeente: die oues, die siekes en die armes.
- Ons moet ook bid vir die redding van ons medegelowiges  
**Broeders, die verlange van my hart en die gebed wat ek tot God vir Israel doen, is tot hulle redding.** (Romeine 10:1 AFR1953)

Ons gebede is direkte gesprekvoering met die ewige God, sonder dat iets ons belemmer om met Hom te praat.

- Dit 'n genadereg wat ons deur die kruisdood van ons Here Jesus het.
- Juis die feit dat die voorhangsel van die tempel oopgeskeur het, was die simboliese teken dat ons nou vrye toegang het na die heiligdom van die Here toe.
- Ons sondes is volledig gestraf en vergewe.
- Nou mag ons voor die Here gaan vra wat ons nodig het, en ons mag kragtens die genadereg van die Versoening weet dat Hy ons gebede sal verhoor.

Kom ons lees saam wat ons hieroor bely in die Heidelbergse Kategismus Sondag 45.

**Vraag 116: Waarom is die gebed vir die Christene nodig?**

**Antwoord:** Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis (a): En omdat God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank (b).

(a)Ps 50:14. (b) Matt 7:7; Luk 11:9, 13; 1 Tess 5:17.

**Vraag 117: Hoe moet 'n gebed wees wat God behaag en deur Hom verhoor word?**

**Antwoord:** Ten eerste moet ons alleen die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het (a), van harte aanroep (b) vir alles waarvoor Hy ons beveel het om te bid (c). Ten tweede moet ons ons nood en ellende reg en grondig ken (d) sodat ons ons voor sy majesteit kan verootmoedig (e). Ten derde het ons hierdie vaste grond (f) dat Hy ons gebed, hoewel ons dit nie verdien nie, tog ter wille van die Here Christus sekerlik wil verhoor (g) soos Hy dit vir ons in sy Woord belooft het (h).

(a)Op 19:10; Joh 4:22-24. (b) Rom 8:26; 1 Joh 5:14; Jak 1:5. (c) Joh 4:24; Ps 145:18. (d) 2 Kron 20:12. (e) Ps 2:11; 34:19; Jes 66:2. (f) Rom 10:14; Jak 1:6. (g) Joh 14:13;16:23; Dan 9:18. (h) Matt 7:8; Ps 27:8.

**Vraag 118: Wat het God ons beveel om van Hom te bid?**

**Antwoord:** Alle geestelike en liggaamlike behoeftes wat Christus saamgevat het, in die gebed wat Hy self aan ons geleer het (a). (a) Jak 1:17; Matt 6:33.

**Vraag 119: Hoe lui hierdie gebed?**

**Antwoord:** Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word, laat u koninkryk kom, laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

(a)Matt 6:9-13; Luk 11:2-4.

Amen.

Slotgebed.

Slotpsalm 86:3

3-

HEER, u goedheid is die lew e;  
U sal mild ons skuld vergewe;  
wie U aanroep in die nood,  
vind u guns oneindig groot.  
HEER, my God, ontferm U oor my,  
luister as ek roep, verhoor my!  
Merk uit goedheid, as ek spreek,  
op die stem waarmee ek smeek.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees  
bly by u almal.

**Amen.**

Dr. M.J. du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum : 21 September 2008